



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NATIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

**GESKIEDENIS V1
FEBRUARIE/MAART 2013
ADDENDUM**

Hierdie addendum bestaan uit 15 bladsye.

VRAAG 1: HOE HET DIE SPANNING TUSSEN DIE VSA EN DIE USSR DIE KOUE OORLOG IN KUBA VERERGER?**BRON 1A**

Hierdie bron bestaan uit 'n geskrewe en 'n visuele bron oor die verhouding tussen die USSR en Kuba voor die Kubaanse Missielkrisis.

Geskrewe Bron: Hierdie uittreksel fokus op die verhouding wat Kuba met die VSA en USSR gehad het.

Soos wat sy verhouding met die Verenigde State versleg het, het Castro se verhouding met die USSR verbeter. Toe die Verenigde State weier om suiker by Kuba te koop, wat baie belangrik vir die Kubaanse ekonomie was, het die Sowjetse ingestem om die suiker te koop. Kuba se bande met die USSR is versterk deur twee van Castro se naaste raadgevers – sy broer Raul Castro en die legendariese revolusionêr, Che Guevara. Albei mans het die kommunistiese ideologie met die Sowjetse gedeel ... Castro het begin glo dat die Amerikaners Kuba sou inval, al gebeur wat. Hierdie vrees het hom in die arms van die Sowjetse ingedryf. Die USSR en al sy bondgenote het spoedig militêre hulp en wapens aan Kuba verskaf.

Khrushchev en die Sowjetse kon nie vir 'n bondgenoot teen die Verenigde State met 'n beter ligging gevra het nie. Die Amerikaners het bondgenote regoor die Oostelike Halfrond, wat die USSR omring het, gehad. Die Verenigde State het 'n groot aantal militêre magte in Europa naby die Sowjet-grens gehad ... Dit was welbekend dat die Verenigde State kernmissiele, wat op die Sowjetunie gerig was, in Turkye gehad het.

Teen die tyd dat John F Kennedy aan die begin van 1961 president geword het, was die Amerikaners reeds besig om aan maniere te werk om van Fidel Castro ontslae te raak ... Hierdie plan het rampspoedig geëindig met die mislukte inval by die Bay of Pigs in April 1961. Castro en sy manne het die weermag vinnig verslaan en die mislukking was 'n groot verleentheid vir die Kennedy-administrasie ... Hulle mislukte geknoeiery het net gehelp om Castro se alliansie met die USSR te versterk.

[Uit: *The Cuban Missile Crisis To The Brink Of War* deur Paul J Byrne]

Visuele Bron: Hierdie is 'n foto van Fidel Castro (links), die leier van Kuba en Khrushchev (regs), die leier van die USSR, besig om mekaar op 20 September 1960 by 'n vergadering van die Verenigde Nasies in New York te omhels.



[Uit: *The Cold War* deur Katherine A Sibley]

BRON 1B

Die bron bestaan uit twee uittreksels oor die optrede van die USSR en die VSA oor die missielkrisis in Kuba.

Uittreksel 1: Hierdie uittreksel fokus op die inligting wat deur die CIA oor die USSR se ontplooiing van missiele in Kuba versamel is.

Aan die einde van Augustus (1962) het die Amerikaanse Intelligensiediens (CIA) 'n geheime verslag oor die aktiwiteite in Kuba uitgereik. Dit het genoem dat 'n 'ongewoon groot aantal Sowjet-skepe sedert laat Julie militêre vragte in Kuba afgelewer het en dat een of ander vorm van militêre konstruksie deur Sowjetblok-werkers op 'n hele paar plekke in Kuba aan die gang was'.

Khrushchev het sy wapenversterking in Kuba slim gereël om die insluiting van aanvalsmissiele en kernwapens te verberg (weg te steek) ... vlugte oor Kuba gedurende die krisis het duisende foto's opgelewer. Elkeen is deeglik ontleed en die resultate is dadelik aan die Uitvoerende Komitee van die Nasionale Veiligheidsraad (EXCOMM) en die president gestuur. Teen 20 Oktober (1962) was 'n wye reeks Sowjet-aanvalswapens gevind. Die kommerwekkendste was die ontdekking van 'n kernplofkop-bergplek. Die status van die plofkoppe was onbekend. EXCOMM het besluit om die ergste te glo – dat daar wel kernplofkoppe was.

[Uit: *Thirteen Days/Ninety Miles: The Cuban Missile Crisis* deur Norman H Finkelstein]

Uittreksel 2: Hierdie uittreksel fokus op die VSA se reaksie op die USSR se ontplooiing van missiele in Kuba.

President Kennedy het op Dinsdag 23 Oktober 1962 'n kwarantynproklamasie onderteken wat die blokkade die volgende dag in werking laat tree het ... Terwyl skepe op pad na Kuba die kwarantynlyn genader het, was niemand seker wat sou gebeur nie. Khrushchev het gewaarsku dat sy Sowjet-skepe nie sou omdraai nie en dat sy duikbote Amerikaanse skepe sou kelder (laat sink) as hulle met Sowjet-skepe op pad na Kuba sou inmeng ...


President Kennedy en ander VS-regeringsamptenare het gevrees dat 'n Sowjet-duikboot sou kon probeer om inkomende skepe te verdedig deur teen Amerikaanse oorlogsskepe op te tree en dat dit tot 'n groter konfrontasie sou lei. Die spanning is egter verlig nadat berig is dat party Sowjet-skepe van koers verander het om te voorkom dat hulle die kwarantynlyn oorsteek. Meer as die helfte van die skepe wat gemonitor (dopgehou) is, het van koers verander, insluitend dié wat daarvan verdink is dat hulle missiele en ander wapens aan boord gehad het. Khrushchev moes op die laaste oomblik die opdrag gegee het dat hierdie skepe hul koers moes verander ...

Nadat die verdagte skepe omgedraai het, het die Minister van Buitelandse Sake ('Secretary of State'), Rusk, aan die ander EXCOMM-lede gesê: 'Ons was van aangesig tot aangesig en ek dink die ander ou het net sy oë geknip.'

[Uit: *The Cuban Missile Crisis To The Brink Of War* deur Paul J Byrne]

BRON 1C

Hierdie spotprent deur Herblock het op 1 November 1962, kort na die Kubaanse Missielkrisis, in die *Washington Post* verskyn. Dit wys John F Kennedy (links) en Nikita Khrushchev (regs) wat probeer om 'n kernoorlog te verhoed.



'KOM ONS KRY 'N SLOT VIR HIERDIE DING'

KERNOORLOG

[Uit: *Straight Herblock* deur H Block]

VRAAG 2: WAT WAS DIE REAKSIE OP JULIUS NYERERE SE BELEID VAN UJAAMA IN TANZANIË?**BRON 2A**

Die uittreksel hieronder fokus op Julius Nyerere se kritiek van die Wêreldbank en Internasionale Monetêre Fonds (IMF).

Nyerere het sosialistiese beleid aangeneem as die beste manier om ekonomiese vooruitgang en maatskaplike geregtigheid te bereik. 'Dit het ons in staat gestel om die nasie se rykdom gelyk of vrylik te verdeel.' Sy stryd met die IMF en die Wêreldbank in die vroeë 1980's, teen strukturele aanpassingsprogramme en ander streng maatreëls wat die armes die meeste geraak het, was steeds van toepassing. Hierdie finansiële instellings het daarop aangedring dat hul programme deur Afrika en ander ontwikkelende lande geïmplementeer word as voorwaarde vir bystand, het sy verbintenis tot die welstand van die armste van die armes duidelik gedemonstreer asook sy oortuiging dat ekonomiese groeisyfers minder belangrik as die welstand van die mense is.

Hy het een keer die IMF as die Internasionale Ministerie van Finansies beskryf en is bekend vir sy vraag oor wie die IMF gekies het om die ministerie van finansies vir elke land in die wêreld te wees.

Hy het daarop aangedring dat Tanzanië sou voortgaan om sosialisme en selfstandigheid na te streef as die enigste manier om te ontwikkel. Hy het egter op 'n perskonferensie aan verslaggewers gesê dat kollektivering in die landelike gebiede steeds vrywillig sal wees. 'Dit was nog nooit die bedoeling om kollektivering in Tanzanië af te dwing nie.'

[Uit: *Life in Tanzania Today and Since The Sixties* deur J Ndembiwe]

BRON 2B

Hierdie bron verduidelik die suksesse van Julius Nyerere se sosialistiese beleid in Tanzanië gedurende die 1960's en 1970's.

... Nyerere het ook skole, hospitale, klinieke, fabriek, paaie en spoorweë, damme en brûe, hidroëlektriese kragaanlegte en ander infrastruktuur gebou. Alhoewel sy beleid van ujamaa (wat familieskap in Kiswahili beteken) nie suksesvol was nie, het dit die land in staat gestel om mense bymekaar en nader aan mekaar te bring sodat belangrike maatskaplike dienste aan hulle gelewer kon word. Mense het makliker toegang tot skole, klinieke, skoon water en ander dienste wat deur die regering verskaf is, gehad as wat hulle andersins sou hê, omdat hulle nader aan mekaar gewoon het; iets wat onmoontlik sou gewees wees het indien hulle te yl oor die land versprei was.

Onder Nyerere was onderwys ook vanaf primêre skool tot op universiteitsvlak gratis. Mediese dienste was ook verniet, ten spyte van die feit dat Tanzanië een van die armste lande ter wêreld is ... Almal het gelyke geleenthede gehad. Tanzanië het kwantumspronge (groot vordering) in onderwys gemaak. Dit het die hoogste geletterdheidsvlak in Afrika gehad, en een van die hoogste in die wêreld.

[Uit: *Tanzania Under Mwalimu Nyerere – Reflections On An African Statesman* deur G Mwakikagile]

BRON 2C

Hierdie foto toon 'n groep Tanzaniese universiteitstudente wat 'n plakkaat dra wat die beëindiging van kapitalisme in Dar-es-Salaam eis in 1978. Dit is geneem om Nyerere se beleid van Afrika-sosialisme gewild te maak. Die fotograaf is onbekend.



**SOSIALISME IS
DIE VYAND VAN
KAPITALISME
EN IMPERIALISME**

[Uit: *Tanzania: The Struggle For Ujamaa*, Cape Town International Labour Research and Information Group deur Ilrig]

VRAAG 3: WATTER ROL HET DIE BURGERREGTEBEWEGING GESPEEL OM RASDISKRIMINASIE EN SEGREGASIE GEDURENDE DIE 1960's IN DIE VSA TEEN TE STAAN?**BRON 3A**

Hierdie bron bestaan uit 'n geskrewe en 'n visuele bron. Dit fokus op die metodes wat die Burgerregtebeweging gebruik het om die desegregasie van geriewe in die suide van die VSA mee te bring.

Geskrewe Bron: Hierdie bron skets Charlayne Hunter-Gault se ervaringe as 'n student aan die Universiteit van Georgia.

Op 6 Januarie 1961 het Federale Regter Bootle opdrag gegee dat ek en Hamilton onmiddellik tot die Universiteit van Georgia toegelaat moes word.

Ons het daardie dag klaar geregistreer en die volgende dag begin klasse bywoon. Dinsdagaand het 'n skare buite my koshuis byeengekom. Dit het al hoe onrustiger geraak ... Die luidrugtigheid is vervang deur 'n gemene lafhartigheid (onbeskofte gedrag) wat tot gevolg gehad het dat bakstene deur my venster gegooi is, die enigste een in die koshuis waar 'n lig geskyn het. Dit was te danke aan die boodskap wat heeldag die rondte gedoen het dat die ander inwoners hulle ligte moes afskakel sodra dit donker word. My kamer was ook die enigste slaapkamer op die eerste vloer. Die Universiteit, wat die desegregasiebevel telkens probeer teenstaan het, het die Women's Student Government Office, reg langs die voorportaal op die eerste vloer, in my 'slaapkamer' omskep, terwyl al die ander slaapkamers op die tweede vloer was. Dit het dit vir die meisies op die boonste verdieping baie maklik gemaak om beurte te neem om op die vloer bokant my kop te stamp.

Uiteindelik, ten spyte daarvan dat hulle laat opgedaag het, het die polisie die skare verdryf. Die traangas wat gebruik is het in die koshuis ingedryf toe die dekaan ingekom het en my in kennis gestel het dat ek en Hamp (Hamilton Earl Holmes) 'vir ons eie veiligheid' verwyder word. Ek het begin huil, nie van die traangas soos party meisies op die boonste verdieping nie, maar omdat ek getref is deur 'n gevoel van mislukking. Ek het gou gepak en die stukke glas wat nou op my klere gelê het nadat die eerste baksteen deur my venster geseil het, geïgnoreer. Toe die dekaan my na buite vergesel het, het die meisies van die boonste verdieping 'n halfsirkel in die voorportaal gevorm, waar ek moes verbyloop. Toe ek verbyloop het een 'n muntstuk voor my neergegooi en gesê: 'Hier nigger, ruil my lakens om.'

[Uit: *Sisters in the Struggle* geredigeer deur B Collier-Thomas]

Visuele Bron: Hierdie hoofskrif het op die voorblad van die *The Southern Courier*-koerant verskyn. Dit is op 4–5 September 1965 gepubliseer.

THE SOUTHERN COURIER

VOL. I, NO. 8
Weekend Edition Sept. 4-5, 1965
TEN CENT

Alabama Integrates Its Schools

5 Counties Start Private Schools

BY DAVID M. GORDON

SEALMA—Integration of many of Alabama's public schools this month has brought several new all-white private schools into the western Black Belt. Four private schools—in Selma, Marion, Greeneboro and Demopolis—will definitely be opening next week for the first time. The opening of a fifth school, in Lowndes County, depends on the results of a county-wide survey taken this week to determine the number of interested white parents.

“The reasons for setting up the schools in the different areas are pretty much the same,” said R. L. DeWitt, director of the Demopolis School Foundation, Inc.

“There are just a few schools now, but I think there are going to be a lot more of them in the future.”

Most of the directors of the new schools agree that parents have been sending their children to private schools for two



NEGRO AND WHITE CHILDREN LEAVE HAYNEVILLE SCHOOL

Switch Peaceful in Most Schools Trouble in Greene County, Marion

Integration came to many of Alabama's public schools this week. For the most part, it came quietly, without incident.

The integration was a result of the CIVIL RIGHTS Act of 1964. A section of the act requires school districts to desegregate if they want to keep receiving federal aid. Civil rights leaders said, however, that the integration was mostly “token.” The number of Negro students in integrated Alabama schools this year is expected to be “several hundred.”

Two of the major trouble spots were Greene County and Marion.

The Greene County school board had filed a desegregation plan with the U.S. Office of Education. Greene County High School opened Aug. 27, but as of last Wednesday no Negro students had attended.

On Aug. 27, Negro students said, they were turned away by state troopers as they walked up to Greene County High. The said a trooper told them to “get the hell out of here.”

One Negro student, Mattie Hinton, was asked by a school official why she didn't come on the bus, she said on one side of

Job Bias Law Not a Cure-all

BY DAVID R. UNDERHILL

MOBILE—Title VII of the 1964 Civil Rights Act, outlawing racial discrimination in jobs, went into effect at the beginning of July.

But it hasn't had much effect yet in Alabama, and it probably won't in the future.

Neger- en wit kinders verlaat Hayneville Skool

[Uit : <http://photo.state.gov.galleries/usinfo-photo/39/Civil-rights-07>. Toegang op 14 April 2012]

Hoofopskrif: Alabama Integreer Skole
Subhoofopskrifte: 5 Distrikte Begin Privaatskole
 Oorgang Vreedsaam in Meeste Skole: Moeilikheid in Greendistrik, Marion

BRON 3B

Hierdie bron bestaan uit 'n geskrewe en visuele bron wat die taktiek wat die Burgerregtebeweging gebruik het om rassediskriminasie te beveg, onthul.

Geskrewe Bron: Hierdie uittreksel fokus op die ervaringe van Diane Nash wat die leiding geneem het by die sitstakings ('sit-ins') in Nashville.

Die komitee het die middageterestaurant en eetplekke in Nashville se middestad as teiken gekies vir die studente se eerste protesoptrede, geskeduleer vir Februarie 1960 ...

Daar was geen arrestasies en geen geweld nie ... 'n Tweede poging was beplan vir die volgende week. Die stad het egter begin om geduld te verloor. Nashville-amptenare, oorval deur klagtes van winkelleienaars dat die sitstakings veroorsaak het dat wittes van die middestad weggebly het, het die studente gewaarsku om nie voort te gaan nie. Indien daar nie op die waarskuwing ag geslaan sou word nie, het hulle dit duidelik gemaak dat die studente daarvan kon vergeet om sagkens behandel te word. Bekommerd oor die moontlikheid van geweld en arrestasies het die kerkleiers verbonde aan die beweging die studente aangemoedig om hulle planne vir nog 'n betoging op 27 Februarie te heroorweeg.

Met hulle getalle wat besig was om te groei, het die jongmense geweier. In die middel van nog 'n sneeustorm het meer as driehonderd van hulle die middestad van Nashville binnegestroom. Hulle het skaars by die Woolworth-eetplek gaan sit of die kerkleiers se vrese is bewaarheid. Die betogers is ingewag deur 'n groep vloekende jong wit boewe wat hulle (die betogers) van hul stoele afgeruk het, op die vloer neergegooi het, met vuiste en knuppels geslaan het, hulle geskop het, op hulle gespoeg en brandende sigarette op hul rûe en in hul hare doodgedruk het. Die polisie was nêrens te sien nie en toe hulle uiteindelik opdaag, het hulle nie die wit aanvallers genader nie, maar eerder die gekneusde en geskokte betogers, wat met mosterd, tamatiesous, spoeg en bloed bemors was. 'Nou goed, al julle nigras (negers) staan van die tafel af op of ons gaan julle arresteer,' het een van die polisiemanne geskree. Toe niemand gehoorsaam nie, is die studente beveel om op te staan, vir wanordelike gedrag gearresteer en na ... die polisievangwaens uitgemarsjeer. Toe die betogers oor hul skouers terugkyk na die eetplek, het hulle 'n nuwe vlag studente gesien wat stil inbeweeg het om hul plekke in te neem.

[Uit: *Freedom's Daughters* deur L Olson]

Visuele Bron: Hierdie is 'n foto wat wys hoe betogers op 14 April 1960 buite die FW Woolworth-winkel in New York protesteer.



[Uit: <http://photo.state.gov.galleries/usinfo-photo/39/Civil-rights-07>. Toegang op 10 April 2012]

Bewoording op plakkate:

**Segregasie is moreel verkeerd!
Ons ondersteun sitstakings in die suide!
Ons betoog vir menswaardigheid!**

VRAAG 4: WATTER INVLOED HET DIE FILOSOFIE VAN SWART BEWUSSYN GEDURENDE DIE 1970's OP SUID-AFRIKAANSE STUDENTE GEHAD?**BRON 4A**

Die bron hieronder bestaan uit twee uittreksels oor die filosofie van Swart Bewussyn.

Uittreksel 1: Hierdie uittreksel fokus op die opkoms van die filosofie van Swart Bewussyn.

Swart Bewussyn (SB) het in die laat 1960's en vroeë 1970's ontstaan. Dit was nie 'n gesentraliseerde beweging nie en ironies is dit deels deur apartheid gekweek omdat dit baie ondersteuning by universiteite wat eksklusief vir swart studente gestig is, gewen het. In 1969 het hierdie studente hulself georganiseer in die Suid-Afrikaanse Studente-organisasie (SASO), onder die leierskap van Steve Biko. Dit is later gevolg deur die Black Peoples' Convention (BPC). Beide die SASO en die BPC het hulle verbintenis tot vreedsame oortuiging beklemtoon en daarop aanspraak gemaak dat hulle deur dialoog en onderhandeling, nie geweld nie, 'n vry gemeenskap gebaseer op algemene stemreg, wou hê.

Vroeë reaksie op Swart Bewussyn was gemeng. Aanvanklik is dit selfs deur die kampvegters van apartheid verwelkom. *Die Burger* het dit beskou as 'n produk van ontnugtering met liberale leerstellings, wat aangedui het dat nie-blankes nie langer voorwerpe van wit politiek wou wees nie, maar hulle toekoms vir hulleself as mense in hulle eie reg wou bepaal.

[Uit: *South Africa in the 20th Century* deur J Barber]

Uittreksel 2: Hierdie uittreksel bestaan uit Drake Koka se standpunte oor die filosofie van Swart Bewussyn en swart solidariteit (samehorigheid). Hy was 'n stigterslid van die Black People's Convention.

Deur die filosofie van Swart Bewussyn kon swart mense op die pad na selfontdekking gelei word ... Dit sou uiteindelik lei tot die selfhandhawing van die swart man se innerlike trots, of die 'ek' in hom en hom dus sterk maak om sekere dinge wat vir hom of namens hom gedoen word, met selfvertroue te aanvaar of af te keur ... hy sal 'n houding van selfstandigheid ontwikkel ... Die selfverwesening ontwikkel in die swart man 'n begeerte om te skep en om die inisiatief te neem om dinge te doen.

Sodra swartes van hulself as mense bewus word, hulself met ander swartes identifiseer en hul potensiaal in die sosiale, politieke, ekonomiese en kulturele sfere van die gemeenskap waarvan hulle deel is, raaksien, sal hulle hulle eie lot kan bepaal.

[Uit: *Soweto – Black Revolt White Reaction* deur J Kane-Berman]

BRON 4B

Die bron hieronder bestaan uit 'n geskrewe bron en 'n visuele bron oor die Soweto-opstande van 1976.

Geskrewe Bron: Die bron beskryf die redes vir die Soweto-studente se optog in Junie 1976.

Op Woensdagoggend 16 Junie 1976 het twintigduisend Soweto-skoolkinders 'n optog gehou om te protesteer teen 'n bepaling deur die Suid-Afrikaanse regering se Departement van Bantoe-onderwys dat Afrikaans as een van die onderrigtale in sekondêre skole gebruik moes word. Dit is nie heeltemal duidelik wat met die oorspronklike vreedsame optog gebeur het of wat die vonk was vir die geweld wat ten minste 176 lewens in minder as 'n week sou eis nie. Koerantfoto's en verskeie ooggetuies gee te kenne dat die marsjerende studente in goeie luim, opgewek en opgewonde was. Party het plakkate gedra waarop slagspreuke soos 'Weg met Afrikaans', 'Ons is nie Boere nie', 'Viva Azania!', en 'As ons Afrikaans moet leer, dan moet Vorster Zoeloe leer!' was.

[Uit: *Soweto – Black Revolt White Reaction* deur J Kane-Berman]

Visuele Bron: 'n Foto wys hoe studente op 16 Junie 1976 met 'n optog na Orlando-stadion in Soweto begin.



**AFRIKAANS MOET
AFGESKAF WORD**

[Uit: *Submissions on Apartheid in Education* deur Departement van Onderwys]

BRON 4C

Die bron bestaan uit 'n geskrewe bron en 'n visuele bron wat op die Soweto-opstande van 1976 fokus.

Geskrewe Bron: 'n Ooggetuieweergawe deur 'n onbekende joernalis van die Star-koerant. Dit fokus op wat op 16 Junie 1976 in Soweto gebeur het.

Gister was die verskriklikste dag van my lewe toe ek in die kruisvuur van polisiekoëls en klippe van woedende studente wat amok maak, vasgevang is. 'n Klip het my op die skouer getref toe ek agter die polisielinie gehardloop het nadat hulle op die betogers begin skiet het. Al hoe meer klippe het neergereën. Toe draai ek om om by die leerders aan te sluit en op min of meer dieselfde tyd het die polisie direk op ons gevuur. Dit was verskriklik om te sien hoe 'n vuurwapen op jou gerig word. As ek op die grond gaan lê het, sou die leerders my vertrap het.

[Uit: *Recollected 25 years later: Soweto 16 June 1976* deur E Brink, et al.]

Visuele Bron: Die bron wys Suid-Afrikaanse Weermag-soldate wat gedurende die Soweto-opstande van 1976 op studente skiet.

[Uit: *June 16, 1976 NEVER, NEVER AGAIN 20TH ANNIVERSARY* deur P Magubane]

ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende bronne geneem:

- Block Herbert. 1964. *Straight Herblock* (Simon and Schuster, New York)
- Brink, E. et al. 2001. *Recollected 25 years later: Soweto 16 June 1976* (Kwela Books, Roggebaai, Cape Town)
- Byrne, P. 2006. *The Cuban Missile Crisis – To The Brink Of War* (White-Thomson Publishing, Minneapolis)
- Collier-Thomas, B. 2001. *Sisters in the Struggle*, (New York University Press, New York)
- Department of Education. (no date) *Submissions on Apartheid in Education* (STE Publishers, Johannesburg)
- Finkelstein Norman H. 1994. *Thirteen Days/Ninety Miles: The Cuban Missile Crisis* (Simon and Schuster, New York)
- <http://photo.state.gov.galleries/usinfo-photo/39/Civil-rights-07/>
- Ilrig (International Labour Research and Information Group), 1988. *The Struggle for Ujamaa*, (ILRIG, Cape Town)
- Kane-Berman, J. 1978. *Soweto – Black Revolt White Reaction* (Ravan Press, Johannesburg)
- Magubane, P. 1986. *June 16, 1976 NEVER, NEVER AGAIN 20TH ANNIVERSARY* (Skotaville Publishers, Johannesburg)
- Mwakikagile, G. 2006. *Tanzania Under Mwalimu Nyerere – Reflections On An African Statesman*, (New Africa Press, Dar-es-Salaam, Tanzania)
- Ndembwike, J. 2010. *Life in Tanzania and Since The Sixties*, (Continental Press, Dar-es-Salaam, Tanzania)
- Olson, L. 2001. *Freedom's Daughters*, (Simon and Schuster, New York)
- Sibley Katherine A. 1998. *The Cold War* (Greenwood Press, Westport)